No 1313 10 April 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
Predikant: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za*
Administratiewe beampte: Rina de Villiers: 081 599 2321, *pikkie.rina18@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za; *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

Erediens

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Die eerste erediens vind plaas om 09:00 en die tweede om 10:30. Albei dienste sal gelei word deur Ds. Dirk Kotzee.

EERSTE DIENS:
Lees: Markus 8: 34-9:1
Teks: Markus 8: 34-35
Tema: Om Christus te volg...

Ons begin vandag met ons kwartaal fokus op dissipelskap. Die eerste preek in die kwartaal se reeks handel oor Jesus se eie verklaring van die vereistes van dissipel wees. Ons luister vanmore hoe Jesus dat 'n dissipel God se koninkryk eerste stel, die gevolge van die toewyding moet kan dra en vir Jesus dan moet navolg in elke opsig. Dit word in die preek onder die volgende drie hoofpunte verklaar:

1. Om Christus te volg, moet jy jouself verloën
2. ... die gevolge kan dra…
3. ... terwyl jy Sy voorbeeld getrou navolg.

Sing:

1. Lied 151: 1 en 2
2. Lied 190: 1 en 3
3. Psalm 38: 1
4. SB 12-3: 1 en 2
5. SB15-3: 1,4 en 5
6. SB 13-3

TWEEDE DIENS:
Lees: 1 Korintiërs 12: 12- 31
Teks: 1 Korintiërs 12: 27
Tema: Een liggaam wat leef vir sy Hoof, mekaar dien en die wêreld bedien.

Dit is vir my interessant hoedat die lewe daarbuite ons lewe hier in die kerk beïnvloed. Individualisme, of dalk liewer self gesentreerdheid maak dat ons onafhanklik van mekaar begin leef. Dit is amper soos daai een gesang "hy in sy klein hoekie en ek in myn." Dit, is egter nie wat die Here van sy kerk verwag nie! "Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan." Saam gebind deur die Heilige Gees, is ons een liggaam tot eer van God. Daarom moet ons lede mekaar ondersteun en dien. Daarom moet die kerk die wêreld beïnvloed en nie andersom nie.

Sing:

1. SB 1-2: 1 en 3
2. Psalm 47: 1 en 4
3. Sb 14-1: 1 en 3
4. SB 13-3

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Dopperdinge.
Volgende Sondag: Kerklike tydskrif.

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk F3 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Vakant en diaken Br. Brian Chambers.
Katkisasietoesig: Vind by die Graad 9 plaas.

Gemeentesake

Uit die kerkraad:

Die volgende broer is verkies tot die amp van Ouderling:

Frans du Preez

Ons is op Facebook!

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ’n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto’s deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as 85 “likes”.

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar ’n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het ’n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

Gemeentelike aktiwiteite

Sustersake

Skinkbeurte:

Vandag ***10/04:*** Is dit die susters van Wyke A1, E2, F7, G3, G6 en H1 om te help by die teeskinkbeurt.

Volgende Sondag: 17/04: is dit die skinkbeurt van die susters van Wyke D1, D3, F4, G5 en H4

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Liefdadigheid:

Daar word dringend gevra vir enige oorskiet wol (of natuurlik ook skenkings om wol te koop). Die wol word gebruik om truie te brei vir die kinderhuis op Reddersburg. Baie dankie aan die gemeentelede wat in die verlede reeds wol geskenk het. Kom kyk gerus in die portaal na ’n klompie truie wat reeds gebrei is. Kontak asb vir *Sylvia Greyling* by *082 789 7717* vir verdere besonderhede.

Kuieraand ten bate van Benjamin en Lara

Kom breek ’n broodjie en verkeer gesellig saam met Gert en Sanmari Smith. Die geleentheid is ten bate van hulle serebraal gestremde tweeling; Benjamin en Lara. Die donasies het ten doel om die tweeling die geleentheid te gee om na die *Institute for the Development of Human Potential* in Philadelphia (VSA) te kan gaan.

Datum: Vrydag 15 April 2016

Tyd: 18:00 vir 18:30

Plek: Saal van Gereformeerde Kerk Wapadrand

Drag: Semiformeel

Koste: R150,00 per persoon.

Vermaak: Helené Bester

Veiling: Jag-naweek, kunswerke, rugby memorabilia (deur Bulle) en andere

Betaal asseblief u bydrae vir kaartjies of maak asb. ’n donasie in die volgende rekening:

2BRAINS2GROW
FNB Olympus Plaza
Tjekrekening: 625 923 910 24

SMS asseblief betalingsbewys (en u name vir tafelplasing as u die funksie kan bywoon) aan Sanmari by 082 571 2052

Katkisasie

Vind plaas na afloop van die eerste erediens.

Jeugaksie

Ons beplan 'n jeugaksie vir die skoolgaande kinders en hul ouers op Sondag die 17de April na die eredienste. Ons gaan kerse maak saam met die jongmense en die funksie kombineer met 'n lekker bring en braai. Almal wat belangstel moet asb. hulle epos adresse aanstuur aan Geert de Jongh by gdejong@lantic.net.

Bybelstudie

Die oggendbybelstudies vind weer plaas op Woensdagoggend **13/*04*** om 09:30.

Droogte-hulp

Die Diakonie het besluit om aan ander Diakonieë in gebiede wat tans onder die droogte gebuk gaan, hulp te verleen. As u wil deel wees van hierdie projek, is u welkom om 'n geldelike bydrae te maak. Plaas asseblief u bydrae in 'n koevert gemerk 'Droogte hulp' in die kollekte-sakkie.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie. Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p/kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Oggend kuier-ontbyt

GK Eloffsdal bied op Saterdag 16 April 2016 om 10:00 'n oggend-ontbyt aan met Jannie Moolman, Vleis en Frieda Visagie en verskeie ander oud-Springbokke. Dit vind op die sportterrein van die Laerskool Mayville (159 Louis Trichardtstraat, Mayville) plaas. Vir besprekings en meer besonderhede skakel asseblief vir Elmien Fitchet by 061 461 8543.

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe**.**

Maandag: 11 April

Kyle Heffer (082 601 4822), Anet le Roux (012 807 1535), Renda van der Walt (072 216 9739) asook Petro White (082 960 3232).

Dinsdag: 12 April

Liz Shaw (072 221 6331).

Woensdag: 13 April

Christa Ligthelm (012 361 3100)

Donderdag: 14 April

Paula du Preez (082 342 6338), Koos Muller (071 682 1495) asook Erick van Jaarsveld (012 991 8444).

Vrydag: 15 April

Hester Nienaber (082 453 6816).

Saterdag: 16 April

Dawie Jansen (012 342 4919), Marco Kapp (078 785 6856), Lynette Nagel (082 452 3983), asook Jan Kruger (082 578 7126).

Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

Gedagte vir die week:

Genade... want die regverdige God is tevrede daarmee om na Christus te kyk en my te vergewe!

Tulian Tchividian

Dagboek

Hierdie week: *Vandag **10/04:*** Twee eredienste. Die eerste erediens om 09:00. Kategese neem weer aanvang. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste. **13/04:** Oggend-bybelstudie vind plaas om 09:30.

Week 2: *Sondag **17/04:*** Erediens om 09:00. Kategese neem weer aanvang. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste ***20/04:*** Aandbybelstudie vind plaas om 18:00.

Week 3: *Sondag **24/04:*** Erediens om 09:00. Kategese neem weer aanvang. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste. ***27/04:*** Vryheidsdag.

Week 4: *Sondag **1/05:*** Erediens om 09:00. Kategese neem weer aanvang. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste. ***2/05:*** Werkersdag. ***4/05:*** Hemelvaartdag met die Erediens om 19:00.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus

SanLameer-eenheid te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by: *marielouiseels@gmail.com*.

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instru-mente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae. Kontak *Nols of Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Vars gebak en Spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kin-derpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan: *cjswan4@gmail.com*.

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.

Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais (’n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine. Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

Die Waslyn

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit. Skakel: 078 296 4593.

Ek benodig aflos werk:

Vir enige aflos admin werk op ’n daaglikse basis of net ’n ekstra hand vir ’n paar dae benodig. Skakel my gerus Rina de Villiers by 081 599 2321 of 012 731 1032 of e-pos pikkie.rina18@gmail.com

---